

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

## Moontlike alternatief vir beurtkrag

Clarens het onlangs aandag getrek met hul plan om beurtkrag te omseil deur die gebruik van slim meters. Hierdie meters stel die inwoners in staat om hul elektrisiteitsverbruik te beheer. Jan Jooste beoog om dieselfde konsep in Heilbron te implementeer en is reeds in gesprek met Eskom om te sien hoe hulle hierdie plan kan uitvoer. Slim meters is die hoeksteen van hierdie alternatief. Hierdie meters gee huishoudings die vermoë om hul elektrisiteitsverbruik te monitor en te bestuur. Tydens beurtkragfases 1 tot 4 kan die meters outomaties die stroombeperkings instel, wat die hoeveelheid krag wat deur die huis gebruik kan word, beperk. Dit skep

'n gestruktureerde benadering tot beurtkrag wat mense help om effektief met die situasie om te gaan. Eskom, as die primêre elektrisiteitsverskaffer, speel 'n sleutelrol in hierdie plan. Die vereistes vir die implementering van hierdie alternatief sluit in die installering van slim meters per huishouding en kontrole meters op die inkomende lyne vanaf Eskom. Hierdie meters stel Eskom en die plaaslike owerhede in staat om die elektrisiteitsverbruik te monitor en die vereiste besparing van 20% voor beurtkrag te behaal. Finansiering bly 'n uitdagende vraagstuk vir die implementering van

hierdie plan. Minister Godongwana het onlangs 'n bedrag van R 2 biljoen vir slim meters bewillig, maar dit is duidelik dat daar nog verdere befondsing benodig word vir 'n landswye implementering. Daar is vooruitsigte dat die middelklas huishoudings moontlik vir die koste van die slim meters self verantwoordelik sal wees, tensy daar eksterne befondsing beskikbaar gestel word. Die Pad Vorentoe vir Heilbron Die implementering van 'n alternatief tot beurtkrag is 'n stap in die regte rigting vir Heilbron. Dit bied 'n meer georganiseerde en effektiewe benadering tot die hantering van kragbeperkings tydens beurtkragfases.

Daar is egter nog uitdagings soos finansiering wat oorwin moet word voordat hierdie plan volledig geïmplementeer kan word. In die lig van hierdie ontwikkelinge is dit duidelik dat 'n gesamentlike poging van die gemeenskap, plaaslike owerhede, en moontlike befondersers nodig sal wees om 'n suksesvolle oorgang na hierdie alternatief tot beurtkrag moontlik te maak. Met die nodige ondersteuning en samewerking kan Heilbron 'n model word vir ander gemeenskappe wat soortgelyke uitdagings in die gesig staar.





**24/7 SERVICES**

BALANCING & WHEEL ALIGNMENT  
 AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES  
 FIELD SERVICES  
 FIT & REPAIR  
 BATTERIES

*Our quality is our pride!*

**Heilbron, Langmarkstr. 22**  
 058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261

**Villiers, Arbeider str. 1**  
 066 422 1866

**Frankfort, Barrett str. 16**  
 079 209 0750  
 After Hours: 079 180 4337

**Villiers, Arbeider str. 1**  
 066 422 1866  
 After Hours: 066 422 1866



*The Trusted Name of Agriculture  
 Die Betroubare Naam van Landbou*

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**  
*Donderdae - Royal Auction Centre*



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:  
 Jan-Hendrik Claassen: 074 490 5451

*Waar sake elke keer die eerste keer reg gelyk word!*



**Johnny Claassen**  
 082 779 3417



Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

**Eben Claassen**  
 072 581 7627



# Heilbron se waternood: Ngwathe swyg steeds

DA-raadslede kla dat Ngwathe se munisipale bestuur hul min steur aan Heilbron se huidige waternood. "Dit lyk my niks word gedoen om ons krane weer normaal te laat vloei nie," sê DA-raadslid Robert Ferendale. Hy het verlede Woensdag vroeë daarvoor per e-pos aan die waarnemende Munisipale Bestuurder, Mnr Tebogo Manele gestuur (Herald, 15 Maart). "My vroeë was wat ons almal vra, maar Mnr Manele swyg eenvoudig," sê Rdl Ferendale.

Die Randse Waterraad (RWB) verminder tans die watervloei na Heilbron as 'n kredietbeheermaatreël. In sy brief verlede week aan Mnr Manele vra Ferendale:

"1. Het Ngwathe reeds aangebied om sy agterstallige waterskuld van R63m te begin delg?

2. Indien nie, waarom nie?

3. Indien wel, wanneer behoort Heilbron se water weer normaal te begin vloei?"

Ferendale sê die DA het alreeds op 4 Maart daarvoor aan Ngwathe geskryf. "Maar ons wag steeds op 'n antwoord - waarom hoor ons niks nie?" het hy eergister aan Herald gesê.

RWB voorsien Heilbron van kraanwater deur middel van 'n pypleiding, omdat die dorp se fonteine lankal nie meer voldoende water lewer nie. Ngwathe het egter sy maandelikse waterverbruiksrekening nie gereeld vereffen nie. Die rekening was onlangs 'n enorme R63m agterstallig. "RWB het toe halt geroep, en ons watertoewer skerp verminder as 'n kredietbeheermaatreël."

Heilbron ontvang nou maar een derde van die water wat die toevoerpyp kan dra. "Dis waarom ons krane stadig loop, en by sommige plekke is die waterdruk só laag dat krane heeltemal opdroog," sê Ferendale. Dan moet water in kanne of emmers aangedra word, wat veral skole en bejaardes verontref. Dis ook die geval by Tokollo hospitaal, waar die krane droog is en pasiënte water uit Jojo-tenks kry. En Ngwathe se trekker kan nie meer water aanry nie want dis lankal stukkend. "Ek kry klagtes en navrae elke dag," sê Ferendale. "Mense is raadop—party is woedend."

Sandersville se Gekombineerde Skool moes sedert verlede week hul leerders daagliks vroeg huis toe stuur want hul water was te min vir 'n voldag.

Ferendale sê die waterprobleem in Heilbron is selfgeskep "en was en bly totaal onnodig". Hy sê die DA fokus oral op beter dienslewering. "Daarom beloof die DA tydens die algemene verkiesing op 29 Mei gehaltdiens oral waar ons regeer, bv water in elke kraan - altyd".

Hy sê hy en sy DA-kollegas sal daarvoor aanhou veg in Heilbron. "Al probeer ANC-kaders ons doodswyg."

# Heilbron vir Jesus




• Mike Mouton

Die Divine Evangelism span van Bloemfontein het verlede week in Phiritona en Heilbron bedien. Evangelis Israel Taylor en Pastoor Andile Somtseu, wat as tolk opgetree het, is geroep om die Evangelie van Jesus Christus as redder en verlosser oor Afrika te versprei. Israel sê Die Here het vir hom 'n droom gegee waar Afrika oordek is met blou. Toe hy vir Die Here vra wat is die blou, het Die Here vir hom gesê: "Gaan vertel my mense dat ek My Heilige Gees oor alle vlees wil uitstort." Handeling 2:17

Israel sê Handeling 1:8 belowe ons sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor ons kom om te getuig. Dit is waarom Jesus na die Vader terug is en die Heilige Gees gestuur het. Mar 16:17: En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek.

Dit is presies wat ons as Heilbronners beleef het die week. 'n Boom word aan sy vrugte geken... Mag hierdie vrug sigbaar bly in elke lewe wat aangeraak is.



## UIT DIE PEN:

Week 12



Ek wonder vandag oor karre. Nie oor enige kar nie, maar oor myne spesifiek. Nie dat ek 'n gerekende naam is onder karhandelaars nie. My gryse ou pa het destyds 'n ligblou boksie-Corolla gekoop, 1.3

GL. My vriende het gesê dat GL staan vir Good Luck. Dit was desjare die topverkooper. Ek kan onthou dat ons een vakansie Suid-Wes toe gegaan het (ja, daardie dae was dit nog Suid-Wes) en ons moes die Corollas wat van voor af gekom het, getel het. Ons kon wel rapporteer dat daar geen Corolla ons kon verbystek nie.

Alhoewel die karretjie maar klein was teen deesdae se standaarde, het ons darem 'n geslagte skaap ook kon saamvat Suid-Wes toe.

Op 'n mooi dag het my gryse ou pa 'n ander kar gekoop. Ook 'n Corolla, maar net 'n nuwer model. My rooikopsussie het die trotse eienaar geword van die bloue. Sy was in haar derde jaar op Universiteit. Bloues het later saam met haar en haar man Suid-Wes toe getrek toe hulle Windhoek toe verplaas is.

My rooikopsussie het besluit om bloues te verkoop, en my pa koop sy eie kar by sy eie dogter terug. Hy besluit om dit self in Windhoek te gaan haal. Met die terugkeer, net voor Keetmans, val die uitlaatspyp af. Die kar maak donker wolke soos die rookwalms alles verswelg. Ek was volgende in die ry om vir bloues te kry. Maar eers so paar jaar daarna, toe ek ook in my derde jaar op Universiteit was.

Ek het in my lewe nog net vier karre gehad.

As jongeling verkoop ek bloues en koop 'n ander bloue. Steeds Toyota, hierdie keer 'n 1300 Conquest. Ek dink ek moes R 3 500 inbetaal. Ek verkoop vir bloues aan 'n ouerpaar. Hulle gaan dit vir hulle dogter gee wat pas uit die rehabilitasiesentrum gekom het. Toe hulle die kar by my kom haal, is daar 'n koevertjie in wat aan die nuwe eienaar gegee is. Daarin vertel ek van ons heerlike reise, hoe bloues soms gaan staan het, maar sy nooit teleurgestel het nie. En ek wens die nuwe eienaar vele heerlike kilo's. My hart was regtig seer om van my jarelange vriendin ontslae te raak.

Ongelukkig het die nuwe eienaar drie maande daarna 'n dodelike oordosis dwelms geneem. Ek wonder vandag of bloues nog op die pad is en hoe dit met die ouers gaan?

Die Conquest is spiksplinternuut. Sy ruik soos 'n vertoonlokaal. Sy het twee pienk strepe langs die kant. Ek het pap wiele met haar gehad, twee keer die sleutels binne-in toegesluit en een keer sonder petrol gaan staan. Ek het vir Issie, my Alsatian ingelaai. Sy het in die middel op die agterste sitplek gesit. En al wat jy kon sien, was twee ore. Groot ore. Ek het een keer amper die Conquest op haar dak gery, my dinges afgeskrik.

Die Conquest het later te veel kilos opgehad en ek besluit om haar in te ruil op 'n tweedehandse Figo met 17 000 km op. Die karhandelaar het 'n twyfelagtige reputasie by sommige gehad. Ek vra hom: "Was die kar al in 'n ongeluk?" Hy antwoord: "Daar is geen bewyse daarvoor nie." Ek voel steeds aan my bas dat hy vir my gelieg het. Ek wonder vandag oor sy woordkeuse.

Ek het twee keer daarna my Conquest gesien, nog met die ou nommerplate op. Kompleet met die effense krap op die modderskerm. Ek wonder of my pienkstreep Conquest nog op die pad is? Daardie karre het mos net nooit ophou ry nie.

Die Figo het heerlik gery, min probleme. Miskien wou die Figo my 'n ding of twee wys: ek het aanmekeer gedink die kar gaan uitmekaar val oor wat die karverkoopsman gesê het.

Toe my ouers Pretoria toe trek, kry hulle 'n Aveo, sy staan hier by ons.

(Die dag toe ek die nuwe kar in my ouers se garage sien, vra ek my pa uit oor die kar. Wanneer het hy dit gekoop? Is hy tevrede? My antwoord: "Vra jou ma." Ek gaan vra my ma. Sy sê dis haar kar, want sy het nog nooit 'n kar besit nie. En, sê sy, sy is immers die langslowende. Ons het lekker gelag. Sy is inderdaad nog die langslowende.)

My goeie pa moes gaan petrol ingooi en die dienste betaal, maar hy het sy voet neergesit met die lisensiehernuwing. Hy het my ma in die ry laat staan. Tot groot vreugde van haar.

My goeie ou pa is hemel toe, en ek koop die kar uit hulle gesamentlike boedel. Aveo was al ses jaar oud met net onder 40 000 km. Op 'n baie slegte oggend wil my Figo nie start nie. (Wat is start in gewone Afrikaans? Dalk iets soos "die knormoer wil nie knor nie"?) Ek bel my versekering en hulle kom laai my Figo op, garage toe. Ek betaal 'n hengse lot geld om haar weer reg te maak.

Ek bel daardie mense wat almal se karre koop. Hulle is die volgende dag by die huis, toetsbestuur die kar en besluit om dit te koop. Die geld is tjoef-tjaf inbetaal en die verkoopsman ry weg met my Figo. Ek wonder waar my Figo is? Het sy al weer ingegee? Val sy dalk uitmekaar? Dalk het daardie verkoopsman nie gelieg nie.

Ek wonder of dit nog goed gaan met die Figo se karverkoopsman? Verkoop hy nog karre en kan hy darem in alle eerlikheid sê dat sy karre nie in ongelukke was nie?

Ek ry nogsteeds my ou pa se Aveo. Omdat sy nog min kilometers op het en omdat ek die vorige eienaar baie goed geken het.

Ek wonder of my ou pa sou trots wees op die manier hoe ek na die Aveo kyk? So asof ek nou die langslowende is.

# Heilbron het water, maar is dit volhoubaar?

Meeste Heilbronners ervaar sedert 13 Maart 2024 redelik konstante watertoewer. Dit nadat Randwater sonder enige kennisgewing of verduideliking die toevoer na die dorp verhoog het na ongeveer 8,4 Megaliter per dag.

Kragtens 'n mediaverklaring uitgereik deur Randwater op 1 Maart 2024 was Heilbron se toe reeds beperkte watertoewer met 'n verdere 20% ingekort weens wanbetaling van Heilbron se uitstaande rekening en skuld wat gesamentlik ongeveer R 66 miljoen beloop deur die Ngwathe munisipaliteit. Randwater het reeds op 13 Desember 2023 die toevoer verminder vanaf die toe normale 8 Megaliter per dag na ongeveer 4,6 Megaliter per dag. 'n Waterlesing geneem 6 Maart 2024 het daarop gedui dat water toe teen 'n skamele 3,8 Megaliter vir die dag voorsien was. Dit het meeste inwoners en besighede basies sonder water gelaat en Raadslid Phillip van der Merwe het in reaksie weer skerp beklemtoon dat die dorp eintlik skaars met 8 Megaliter per dag kan deurkom. Tussen 7 en 12 Maart 2024 was die toevoer egter deurlopend weer ongeveer 5,2 Megaliter per dag.

"Ten spyte daarvan dat ek reeds op 16 Januarie 2024 die waterkwessie met die burgemeester opgeneem het en na geen reaksie van haar, ook na die minister van waterwese geëskaleer het, het nog sy nog hy tot hede bevredigende antwoorde verskaf. Randwater het wel beweer dat Ngwathe nooit op die verminderingkennisgewing van Desember 2023 gereageer het nie en het hulle bygevolg aangeneem dat Ngwathe die vermindering aanvaar. Die korrektheid van die bewering, wat die burgemeester betwis, kon tot hede ook nie bevestig word nie.

"Die versuim van die minister spesifiek om my vroeë oor die vermoë van Randwater om volhoubaar water aan sy verbruikers te kan lewer te beantwoord wek groot kommer," sê raadslid Van der Merwe. "Veral ook omdat Randwater verlede naweek aangekondig het dat verskeie toevoerpunte wat water aan Tshwane Metro voorsien gesluit sou word daar reservoirlakke 'n laagtepunt van 30% bereik het". Dit behels die Brakfontein en Rooihuiskraalversaffingspunte. "Dit volg op daelange waternerskaffingsprobleme in Johannesburg en Ekurhuleni en staaf my mening dat Randwater, soos Eskom, op die rand van ineenstorting verkeer weens versuim om behoorlike instandhouding en opgraderings te doen," sê raadslid Van der Merwe verder.

"Daar is, sover ek kan vasstel, nie voldoen aan Randwater se eis dat Ngwathe se lopende rekening gereeld betaal word en 'n afbetalingsplan ten aansien van agterstalliges beding en nagekom word nie. Dit is dus onduidelik waaraan die huidige onverwagte "normale" toevoer te wyte is. Wanneer na die breër prentjie gekyk word twyfel ek sterk oor Randwater se vermoë om volhoubaar water te kan voorsien en is ek bevrees dat "beurtwater" waarskynlik om die draai wag en inwoners moet water steeds spaarsaam verbruik, aangesien die huidige volume toevoer net so vinnig verminder kan word as wat dit vermeerder was," sluit hy af.


# Huppel Trippel praat oor engele

Die lede van Huppel Trippel het Dinsdag-oggend 'n besonder verrykende ervaring gehad. Die onderwerp was: Die dag toe 'n engel ingegryp het in my lewe. Nie net is mense se geloof versterk nie; maar lede het mekaar ook beter leer ken. Dit was heerlik dat ds Petrus en Elsa Fouché die oggend ook bygewoon het. Oor twee weke word daar weer heerlik Noot vir Noot gespeel met Martie Olivier as begeleier. Onthou gerus om te kom jukskei speel en kettie skiet en die oulike inwoners van Huis Bron-van-Heil te leer ken.



Op die foto regs: ds Petrus en Elsa Fouché van NG Kerk Suid. Foto bo: Inwoners van Huis Bron-van-Heil.

## INSPIRASIE RESEPTTE



Paschdu Plooy

CURRIES AND STEWS

Preparation time – 60 minutes  
Cooking time – 4 hours  
Serving – 6 - 8 people

### Ingredients for the tripe

Lamb tripe curry, 1 whole set lamb tripe, 2 onions, halved  
2 carrots, quarters, 5 whole cloves, 1 stick cinnamon  
½ cup white vinegar, 2 tbs salt

### Method for the tripe

Bring a large pot of salted water to the boil. Add the tripe to the boiling water and cook for 10 minutes. Strain of the water. Now place tripe in large pot and cover with cold water. Add the rest of the ingredients. Close the pot with a lid and cook for 3 hours, or until the tripe is soft and can be removed from the bone. Strain the tripe (reserve the cooking liquid) and put the tripe in an over tray to cool. Once cold enough to handle, remove the tripe from the bones and cut into bite-size pieces. Reserve for later.

### For the curry sauce

3 large white onions, diced, 4 large carrots, diced,  
500g baby onions, cleaned, 2 cloves garlic, chopped  
1 x thumb size ginger, peeled and grated, 2 bay leaves  
1 teaspoon mustard seed, 1 teaspoon cumin seeds  
4 x green cardamom, crushed, 1 x green chili, seeded and chopped  
2 tbs mild curry powder, 1 tbs turmeric powder, 1 tbs mixed masala  
1 tbs garam masala, 2 sticks cinnamon, 1 tbs ground coriander  
1/2 cup brown vinegar, 2 tbs apricot jam, 2 tbs Mild chutney  
50g butter, 1 litre chicken stock, Salt and pepper to taste

### Method for the curry

Heat the butter in a large pot. Add the cumin, mustard, cardamom, cinnamon, curry leaves and bay leaves, and cook until aromatic. About 2 minutes. Now add the ginger, garlic and chopped onions, and cook until onions are soft. Now add the rest of the spices (add more butter if needed) and cook until aromatic. Now add the chopped meat, carrots, and small onions. Mix well, add the vinegar and sugar, and cook until reduced. Now add in the cooking liquid just to cover the tripe and add 2 litres of clear chicken/beef stock. Cook until onions are soft, and stock reduced. Add in the jam and chutney and season to taste.

### How to serve

Served with aromatic steamed rice, flatbread and topped with fresh chopped coriander.

## 101 Genade jare

Kotie Els het Dinsdag 19 Maart haar 101ste verjaardag gevier. Johanna Jacoba Susanna (Kotie) Els is op 19 Maart 1923 gebore as die jongste van 5 kinders van Daan en Jacoba Els van die plaas Middel, Heilbron.

Op die jonge ouderdom van 17 jaar het sy in Bloemfontein onderwys gaan studeer. Sy het skool gegee in onder andere Jacobsdal en Edenville, maar uiteindelik teruggekeer na Heilbron om saam met haar man, Okkie Els, haar te vestig op die plaas Spitsrand in Heilbron.

Uit hul huwelik is twee kinders gebore, Paul Els en Kobie Els (Fick). Toe dit tyd was dat Paul begin skoolgaan, het sy weereens haar passie vir die onderwys uitgeleef en op Heilbron begin skool gee.

Vandag is sy die trotse ouma en grootouma vir 6 kleinkinders en 10 agterkleinkinders.

Na Okkie se dood het sy by Laerskool Rapportryer in Randfontein gaan skool gee, maar het weer teruggetrek plaas toe om te help met die kleinkinders.

Sy woon tans by haar seun Paul en sy vrou Rolien Els in Breëstraat, Heilbron.



Kotie Els – 101 jaar oud.

### Haar kleindogter Kobie Greyvensteyn skryf:

Liefste oumie

101 jaar van genade... Wow!!

As mens mooi nadink hieroor, dink ek nie ons kan ooit besef hoe 'n groot mylpaal dit is om so oud te raak nie.

Vir ons wat oumie lief het, is dit genade in oorfloed, want oumie was nie net daar vir my geboorte nie, maar ook vir elke groot oomblik in my lewe.

Die dag toe ek graad gekry het, was ouma daar. Op my troudag het ouma se briefie gelees: "Nou kan ek maar doodgaan." Dis 16 jaar later en my kinders het die voorreg om hul oumagrootjie te ken.

Na 17 jaar in die Noord-Kaap het ons teruggetrek Vrystaat toe en kan ek ons Hemelse Vader nie genoeg dankie sê vir hierdie kosbare jaar en half nie. Dis kosbare, geleende tyd en so spesiaal om ouma amper elke week te sien.

Dankie dat ouma my as kind speel-speel leer wiskunde doen het soos ons kaart gespeel het.

Dankie dat ek Dynasty, Dallas en Thornbirds saam met ouma kon kyk en dat ouma die geduld gehad het om vir 'n 5 jarige elke woord te vertaal en my engels leer praat het.

Dankie vir 4 dekades wat ek die voorreg het om iemand in my lewe te hê wat almal se belange bo haar eie stel, wat onvoorwaardelik lief het en wie se hande vir niks verkeerd gestaan het nie.

Ek dink terug in liefde aan al die laat-aand geselsies en kuier saam met ouma. Die saam lag, die saam huil.

Here Jesus - Vandag dra ek oumie aan U op. Dankie vir haar lewe, dankie dat oumie nog 'n jaar vir ons gespaar is. Dankie vir haar gesondheid en helder verstand. Ons weet nie hoe lank sy nog vir ons geleen gaan word nie, maar weet ek U is in beheer en wanneer die tyd reg is, sal U haar lei na die waters van ewige rus.

Liefde Kobie



Saam met haar ander twee kleindogters Karen Schoeman en Kobie Greyvensteyn.



Saam met haar oudste kleindogter Advokaat Jacqueline Fick van Pretoria wat haar kom verras het Sondag om 'n paar dae saam haar te kuier.

From **R10** **McSavers Menu**

Limited to 5 items per customer

**Savour Every Moment**

With The McSavers Menu

new **Snack Wrap**  
R15

Plain Sundae  
R10

Small Fries  
R10

Small Coca-Cola®  
No Sugar  
R10

**Chicken Burger**  
R15

**Hamburger**  
R15

Write down all available at participating restaurants © 2024 McDonald's T & C's apply

# Sewe atlete teenwoordig Hoërskool Heilbron by SA's

Hoërskool Heilbron spog met 7 atlete wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe (SA's) sal deelneem. Die Hoërskool SA'S vind plaas in die Paarl op Dal Josafat Athletics Stadium vanaf 4 tot 6 April waar Sipehelele Dhalmini aan hoogspring sal deelneem, Estené J van Rensburg aan die 10 000m stap en Danie Bornman aan paalspring sal deelneem. Die Laerskool SA's sal dan plaasvind in Limpopo by die Peter Mokaba Stadion vanaf 24 tot 26 Maart waar RJ Muller aan hoogspring, Luané Engelbrecht aan gewigstoot, Jurie Jonker aan diskus, asook Elne du Plooy aan diskus sal deelneem. Die gemeenskap staan bankvas agter die sewe atlete en

wens hulle alle sterkte toe. Dit is 'n ware voorreg om sulke talente te hê en die skool en gemeenskap met soveel eer te verteenwoordig.



Elne du Plooy



RJ Muller



Luané Engelbrecht



Sipehelele Dhalmini



Estené J van Rensburg



Jurie Jonker



Danie Bornman

# Divine Evangelism Gospel Crusade

• Rita van Vuuren and Pastor Steven Motsoane

Held by Evangelist Israel Taylor and Team from Bloemfontein 12 - 15 March 2024 was a great historical event and a first for Heilbron as we take hands with the Pastors of Phiritona to advance the Kingdom of God.

Mark 16:15: And He (Jesus) said to them, "Go into all the world and preach the gospel to every creature."

Day one was a wonderous first evening in the Free State Community of Heilbron with between 700 - 800 people attending the first service. That crowd grew every night and by Friday the attendance was more than a thousand people hunger for the word of God. Our hearts were filled with joy as we witness transformation in the hearts of people, and we rejoice over every decision that was made to follow Jesus Christ. This past week in Heilbron we have witnessed all of God's promises - hearts have been cleansed by the blood of Jesus, infirmities and diseases have been healed and those held captive by Satan has been freed. But there is one more promise, as Evangelist Israel preached on Friday night, we are yet to witness and that is the return of Jesus.

People of Heilbron let us now continue living our lives in such a way that upon His return our names will be found in HIS book.




**WEISSETRAIL**  
DIE BESTE BOD  
BESTUURDER

**P.J. Müller**  
060 966 9340

**AFSLAER**

**Ian Grobbelaar**  
060 965 6207

Frankfort/Roadside/Comella

**Corjan de Jager**  
079 506 8777

Frankfort/Comella/Oranjeville/Roadside

**Fanie vd Merwe**  
082 494 3127

Tweeling/Keitz/Petrus Steyn/Frankfort

**David Gerber**  
082 489 7424

Villiers/Comella/Grootvlei

**Fanie vd Merwe (junior)**  
061 180 6802

Villiers/Cornelia/Grootvlei

**Pula Giliomee**  
082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjeville

**Hugo Groenewald**  
082 569 7205

JJ HADEBESTRAAT 77  
FRANKFORT  
(Langs Frankfort Bearings)

# Sukses vir Primêre leerders by Vrystaat Atletiek

Op die 2de Maart het die primêre leerders van Hoërskool Heilbron hul atletiekvaardighede ten toon gestel by die Vrystaat atletiekbyeenkoms op DP de Villiers-stadion in Sasolburg. RJ Muller het uitblink met 'n indrukwekkende eerste plek in die seuns onder-10 hoogspring. Luané Engelbrecht (dogters onder 13 ) en Jurie Jonker (seuns onder 12), het albei 'n tweede plek in gewigstoot behaal. Elne du Plooy en Jurie, albei in die onder-12 afdeling, het hul vaardighede gewys deur derde plekke in diskus te verower, wat Hoërskool Heilbron se teenwoordigheid by die

kompetisie versterk het. Rudie Jonker (jonger broer van Jurie Jonker), wat in die seuns onder-10 kategorie meeding, het sy talent gewys deur 'n sesde plek in die verspring te behaal, wat sy potensiaal vir toekomstige sukses in atletiek toon. Elne du Plooy, in die meisies onder-12 afdeling, het haar krag en tegniek gewys met ook 'n sesde plek in die gewigstoot, wat waardevolle punte bygevoeg het tot haar span se algehele vertoning.

Die gesamentlike pogings van hierdie jong atlete van Hoërskool Heilbron weerspieël die skool se toewyding tot die kweek van talent en die bevordering van uitnemendheid in atletiek. Hul prestasies by die Vrystaat atletiekbyeenkoms wys hul harde werk, toewyding en passie vir die sport.



**HOËRSKOOI HEILBRON**

Laerskole Vrystaat Atletiekbyeenkoms

- 1<sup>ste</sup> RJ Muller - S of 10 Hoogspring
- 2<sup>de</sup> Luané Engelbrecht - D of 13 Gewigstoot
- 2<sup>de</sup> Jurie Jonker - S of 12 Gewigstoot
- 3<sup>de</sup> Elne du Plooy - D of 12 Diskus
- 3<sup>de</sup> Jurie Jonker - S of 12 Diskus
- 5<sup>de</sup> RJ Muller - S of 10 100m
- 6<sup>de</sup> Rudie Jonker - S of 10 Verspring
- 6<sup>de</sup> Elne du Plooy - D of 12 Gewigstoot



Elne du Plooy



Luané Engelbrecht



Jurie en Rudie Jonker



RJ Muller



**SOLAR VIBE**  
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES

Car Longworth & Steyn St. Antburg 083 488 1640 | admin@solarvibestore.com

**SOLAR VIBE HAS MOVED TO STEERS**  
Your one-stop electrical shop!

# Totsiens meneer William Gordon ...

Op 12 Maart is die gemeenskap van Harrismith asook oud-leerders van Hoërskool Heilbron in rou gedompel na die verlies van William Gordon, 'n geliefde oud-onderwyser en kranige rugbyfrigter en -speler. William, gebore op 6 Augustus 1945, het 'n ryk nalatenskap wat verder strek as net sy rugbyprestasies.

Hy het sy loopbaan as onderwyser begin by Hoërskool Heilbron, waar hy nie net kennis en passie vir rugby aan die jong spelers oorgedra het nie, maar ook 'n groot impak op die skoolgemeenskap gehad het. Sy leierskap en kennis van die spel het hom 'n gerespekteerde afrigter gemaak, en hy het self ook 'n indrukwekkende rugbyloopbaan gehad, insluitend die spel vir Noord-Vrystaat.

William het in sy persoonlike lewe het ook diep spore getrap. Hy was getroud met Sonja Habig, en uit die huwelik het hulle 'n seun, HW Gordon gehad. Ongelukkig het Sonja en William se paadjies geskei. Na 'n paar jaar op sy eie het hy die liefde van sy lewe, Genda, ontmoet. Hulle het 'n gelukkige tyd saam gedeel tot Genda vier jaar gelede oorlede is.

Na Hoërskool Heilbron het William verhuis na Harrismith, waar hy as skoolhoof by New Horizon School aangestel is. Sy leiding en toewyding het die skool 'n plek van kennis en groei gemaak vir die leerders en onderwysers wat onder sy leierskap was. Hy het skoolhoof gebly tot sy aftrede.

William Gordon se lewe en nalatenskap word hy onthou as 'n man van integriteit, passie vir rugby en onderwys, en liefde vir sy gesin. Sy bydrae aan die gemeenskap sal vir altyd onthou word.



# Tuinbouklub deel nuttige wenke oor kruie van die veld

Die Tuinbouklub het verlede week 'n heerlike vergadering gehad waar Malinda du Plessis waardevolle inligting gedeel het oor die gebruik van kruie van die veld. Malinda het beklemtoon dat kruie soos Portelein ('n vetplant wat maklik uitgetrek kan word) 'n groot verskil kan maak in mense se gesondheid. Sy het verduidelik dat Portelein nie net diabetes beveg nie, maar ook help met bloedsirkulasie en die hart.

Malinda het nie net by Portelein gestop nie; sy het ook gesels oor ander kruie soos Chickweed, Mullein, Cayenne peper, naeltjies, en vele meer wat uit die natuur baie voordele bied. Dit is belangrik om te onthou dat hoewel hierdie kruie goed is en vir verskeie

gesondheidsprobleme gebruik kan word, dit nie jou dokter se medikasie moet vervang nie.

Jacko du Toit van Prokem het ook die vroue by die vergadering toegesprek oor hul produkte en hoe om dit te gebruik vir verskillende doeleindes. Die oggend het afgesluit met 'n heerlike koek-en-tee-sessie. Dit was 'n inspirerende byeenkoms propvol nuwe inligting vir al die lede van die Tuinbouklub.



Op die foto vlnr: Carol Snyman, Mari Myburgh en Jacko du Toit.

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**  
**TENDER NOTICE AND INVITATION TO TENDER**  
 Suitable service providers are hereby invited to submit proposal on the following:

BID NUMBER	BID DESCRIPTION	COMPULSORY INFORMATION SESSION DATE & VENUE	EVALUATION CRITERIA	CONTACT PERSON	CLOSING DATE & TIME
NLM TECH-013-2024	REQUEST FOR THE PANEL OF SERVICES PROVIDERS FOR THE SUPPLY AND DELIVERY OF WATER AND WASTE WATER TREATMENT PLANT CHEMICAL WITHIN NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY AREA OF JURISDICTION FOR A PERIOD OF THREE YEARS ON AS AND WHEN REQUIRED (RE-ADVERT)	None Compulsory Meeting Non-Refundable Fee R1500.00	80/20 80 Points – Price 20 Points – BBBEE Functionality included in the bid document	Mr. M Thengani Lab Technician ☎ 056 816 2700 ✉ m.thengani@ngwathelocal.gov.za  For SCM Enquiries Ms P L Mokoena 056 816 2700 ✉ mokoena@ngwathelocal.gov.za	02 April 2024 (Tuesday) @ 12:00
NLM COR-013-2024	REQUEST FOR PROPOSALS FOR APPOINTMENT OF PERSONAL PROTECTIVE EQUIPMENT (PPE) FOR ALL UNIT FOR A PERIOD OF THREE YEARS (PANEL) AS AND WHEN REQUIRED (RE-ADVERT)	None Compulsory Meeting Non-Refundable Fee R 500.00	80/20 80 Points – Price 20 Points – BBBEE Functionality included in the bid document	Mr Siphele Caleni Contact No: 078 422 8084 ✉ siphele@ngwathelocal.gov.za  For SCM Enquiries Ms P L Mokoena 056 816 2700 ✉ mokoena@ngwathelocal.gov.za	02 April 2024 (Tuesday) @ 12:00
